

Hervormingsfees
6 Nov. 2016 Rom.3:21-28

Uit die grootste en gewigtigste brief wat ooit deur die Gees van God aan mense gegee is, uit die brief aan die Romeine hoor ons 'n paar verse uit die 3de hoofstuk, vanaf vers 21:

Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo. Almal het gesondig en is ver van God af (het 'n tekort aan die roem/eer/ligheerlikheid wat hulle by God moes hê), maar hulle word gered, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus. Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir die wat glo. Hierdeur het God getoon wat sy vryspraak behels: Hy het die sondes wat Hy voorheen in sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe. Maar Hy het ook getoon wat sy vryspraak in die teenswoordige tyd behels: Hy oordeel regverdig deurdadig dat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo.

Het ons nou iets uit onself om op te roem? Nee, dit is uitgesluit. Deur watter wet? Die wet van die werke? Nee, deur die wet van geloof. Ons betoog is tog dat 'n mens vrygespreek word omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie.

Liewe gemeente,

verbeeld jouself jy neem jou kar vir 'n diens en kom die volgende dag terug en die werktuigkundige sê vir jou: hierdie kar is in uitstekende kondisie en hy sal vir jou baie vreugde gee. En jy klim in en ry. By die volgende verkeerslig veroorsaak jy amper 'n ongeluk want die remme wou nie werk nie. Jy maak die nonnet oop en sien dat die remoli leeg is en die prop van die waterverkoeller is nie op nie en wie weet wat nog alles nie. Vervies maak jy dit net-net terug na die motorhawe en vra die mechanic: Waarom het jy nie vir my gesê dat daar groot probleme met die kar is nie? En hy antwoord: Wel, jy weet, ek wil nie hê mense moet sleg voel nie. As ek vir hulle sê, dis 'n wrak blik op wiewe, dan voel hulle beledig en ek voel jammer vir hulle. En jy antwoord: Wanneer dit by my motor kom, soek ek die waarheid. Sê vir my wat aangaan want my lewe is daarvan afhanklik.

Of 'n tweede senario: jy besoek die dokter vir 'n gereelde "check-up". Die dokter sê vir jou: jy het die liggaam van 'n olympiese atleet; jy is die toonbeeld van 'n uitverkore bekoorlike meesterwerk. En jy stap met 'n glimlag daar weg. Maar terwyl jy die trappe na 'n woonstel opklim, begin jou hart te jaag, en breek in sweet uit en raak uitasem. En jy kom na die dokter terug en vra: wat gaan aan? Die dokter antwoord: Ag man, jy weet as ek vir die mense sê dat hulle op die rand van 'n ineenstorting staan, dan voel hulle beledig, en dan kom hulle nie weer terug nie en dis sleg vir besigheid. En jy vaar uit: Wanneer dit by my liggaam kom, dan wil ek die waarheid hoor!

En 'n laaste voorbeeld: jy kom by die kerk. En die predikant sê vir jou: toemaar, dis nie so erg as jy woedeuitbarstings kry nie - alle mense word maar een of ander tyd kwaad. En dis goed as jy baie geld maak want dan weet jy, die Here het jou ryklik geseënd en jy kan baie vir die kerk gee. En jy voel goed, verhewe en reg vir die lewe. Maar as jy die Bybel oopmaak, lees jy van verdoemnis en hel. En jy gaan terug na die predikant en vra: wat gaan aan? Die predikant sê: Ai, jy sal verstaan, ons praat nie eintlik oor sonde nie, want dit laat die mense sleg voel, en dis nie bevorderlik vir die besigheid nie. Sal jy dan nie ontsteld antwoord: Wanneer dit by my ewige saligheid kom, dan wil ek die waarheid hoor!

Pretoria-gemeente wil graag die waarheid hoor, wil hulle nie? Die gemeente te Rome wou nie rêrig die waarheid hoor nie, want dit klink soos om iemand in die gesig te vat. Maar jou lewe en ewige saaligheid hang daarvan af. Jy moet hoor wat jy nie wil hoor nie. Paulus skryf: Jy's op pad hel toe, want jy staan onder die oordeel van God! Jou dade skree na die hemel om vergeldig, en dis slegte dade. Al lyk dit asof jy jou innerlike potensiaal ontwikkel, jy na jou hart luister en doen wat in jou

oë reg is - wanneer God daarna kyk, is dit niks anders as vrot, sondige mislukkings nie want jou dade voldoen nooit-as-te-nimer aan God se standarde nie! Jy benodig 'n totale herstel; of soos die een TV-realiteitsprogram lui: *Extreme makeover* - huise in Amerika word deur 'n liefdadigheidsorganisasie geheel en al gestroop en oorgebou en aan eienaars teruggegee. Jy en ek is soos daardie vrot huise wat nie meer herstal kán word nie. Ons benodig omvattende herskepping.

Drie redes gee die Bybel, waarom die lewenshuis geruïneer is, wat skeef geloop het en nog steeds skeef loop:

- 1) die mag van die sonde wat van buite die mens ingekom het en nou deel van ons natuur is (paradysverhaal)
- 2) die toestand van die mens wat maak dat ek aanhou sondig
- 3) die oordeel van God wat bestaan in verdoemning tot "om te moet sondig" en uiteindelijke dood en hel.

Bybelse beskrywing van die mens
sonde / genade
wet van sonde / wet van evangelie

| | |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>Drie redes gee die Bybel van wat skeef geloop het en nog steeds skeef loop:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1) die mag van die sonde wat van buite die mens ingekom het en nou deel van ons natuur is 2) die toestand van die mens wat maak dat ek aanhou sondig 3) die oordeel van God wat bestaan in verdoemning tot "om te moet sondig" en uiteindelijke dood en hel. | <p>Die oplossing in Christus sodat ons verlossing / heil / harmonie weer ontvang</p> <ol style="list-style-type: none"> 1) die mag van genade, Golgotha en opstanding van Christus het van buite ons nou ingekom sodat ons 'n nuwe natuur ontvang, vergifnis en saligheid 2) die toestand van "Christus in my" maak dat ek aanhou goeie werke doen 3) die genade van God wat bestaan totale vrypraak om nie meer hoeft te sondig nie, en uiteindelijke sterwe en hemel waar ek nie meer kan sondig nie. |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

Daarom moet ook die oplossing presies hierop ingaan sodat ons verlossing / heil / harmonie weer ontvang

- 1) die mag van genade, Golgotha en opstanding van Christus het van buite ons nou ingekom - deur die doop - sodat ons 'n nuwe natuur ontvang, vergifnis en saligheid
- 2) die toestand van "Christus in my" maak dat ek aanhou goeie werke doen
- 3) die genade van God wat bestaan totale vrypraak om nie meer hoeft te sondig nie en uiteindelijke sterwe en hemel (waar en nie meer kan sondig nie)

Hierdie is die kerninsigte en hoofartikel van ons Christelike geloof en sal onomwonde verkondig word totdat Christus weer sal kom in heerlijkheid.

En dit is daarom die hoofteiken van die duiwel om ons af te lei deur allerhande ander leerstellinge, valse beloftes en verdoeselende praatjies binne en buitekant die kerk.

Voordat ons verder gaan mag ek dalk net nog noem hoe / op watter manier ons as mense verlei word om hierdie hoofuitsprake nie te glo nie?

Ten tye van die Bybel, ten tye van Martin Luther en net so vandag nog word aan mense voorgehou: jy kan tog op jou eie reg kom. Jy kan *wees soos God* deur eie menslike goeie wilsbesluite. 'Yes, we can!!' was Barak Obama se slagspreuk in die vorige VSA-presidentsverkiessing (hierdie verkiessing is so deurmekaar en besmet met wedersydse modder-gooiery) - ons kan die wêreld verander tot 'n beter plek. Wel, het Obama aan sy belofdes gestand gedoen? Daar is meer oorloë as voorheen, meer lyke en vlugtelinge en meer finansiële wêreldskuld as ooit tevore.

'Your best life now' verkondig Joel Osteen vir 'n gehoor van 10.000 mense elke Sondag as jy net op jou eie geluk en welstand fokus. En sy verleidelike boodskap word deur miljoene mense opgeslurp wat in hul' hopelose toestand gryp na strooihalms en nie besef dat hulle deur die maaltwaters van die hel meegesleur word nie. 'Sodra die geld in die kassie klink, jou siel op na die hemel spring' was die slagspreuk van Tetzal ten tye van Luther. Dit sal nie ophou nie dat die booskap van die kruis onderdruk, versmaai en verag word nie. Maar as dit kom by ons redding vir tyd en ewigheid, wil ons die waarheid hoor! nie waar nie?

My hooffokus vandag sal wees op onderskeidelik punt nr 2.

Paulus praat van twee soorte wette wat nou van toepassing is in 'n Christen se lewe. Ek wil hulle graag vergelyk met wat ons uit die alledaagse lewe ken.

In lugvaart word daar baie goed rekening gehou met altwee twee. Die een wet is aantrekkingskrag na onder, na die aarde (of te wel, twee liggame wat mekaar aantrek) soos in Newton se wet. As jy 'n ding met 'n massa in die lug loslaat, sal dit na die aarde toe val. Jy kan dit 'n duisende kere toets, dit sal altyd dieselfde resultate lewer. Dit is die natuurlike aantrekkingskrag

Maar daar is 'n ander soort wet wat die teenoorgestelde uitwerking het, naamlik die opwaartse krag. Wanneer jy 'n liggaam wat 'n spesifieke vorm het, deur die lug versnel, tree 'n ander wet in werking - naamlik die opwaartse krag na bo. En hoe vinniger die vlerke deur die lug beweeg, des te groter word die opwaartse lugdruk.

Nou goed, altwee is natuurwette en altwee staan in ons mag om te gebruik, maar ek wou net daarop wys dat met die een wet kan jy die ander oorwin.

Paulus praat van **die wetmatighede van die sonde** wat binne in ons mense is - dit is die geneigtheid, die potensiaal om te moet sondig; dit is, soos die aantrekkingskrag van die aarde, nie uitwisbaar nie; dit is die vrug van die vlees, die resultaat: onreinheid, woede, oewerspel, vyandigheid, twis, moord, dronkenskap, afguns, ens. En Paulus voeg in Galasiërs 5 by dat elkeen wat hierdie dinge doen beslis nie die Koninkryk van God sal beërwe nie.

Maar **die vrug van die Gees** daarenteen is: liefde, blydskap, vrede, uithouvermoë, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing, ens. Hierdie wetmatighede word vir ons gegee in geloof en geregtigheid van God vir die mens; ons kan dit nie maak of deur goeie wilskragte voortbring nie. Genade en weereens genade, liefde en barmhartigheid dryf God om sy eie eienskappe aan die mens oor te dra – dit is ons nuwe natuur in die Gees van God.


Die een wet spruit uit ons sondige natuur, ons menswees / die ander spruit uit ons verbondenheid met Christus. Solank as wat ons in hierdie liggaam lewe sal altwee wette hulle kragte uitoefen. Eers wanneer die wetmatigheid van die geloof en die Gees in ons is – nou kan ons ook die vraag stel: Aan watter wet sal jy jouself uitlewer: óf aan die magte wat jou na onder trek en die oordeel van God regverdig, óf aan die magte wat die Seun van God in jou gegee het?

Sodat die Gees van God verder in jou werksaam is, oefen jouself in hierdie insig soos Paulus aan die gemeente te Rome oorgedra het: *Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo.*

Maar nou ... 'n nuwe wet word ontdek; uiteindelijke verligting, uiteindelik 'n oplossing, 'n uitweg, die antwoord. As die probleem by God was (hierbo punt nr 3) dat ons móét sondig, dan kan ook die oplossing net by God lê. En dank aan God: *nou het die vryspraak in werking getree*. Nou word Christus gestraf i.p.v. ons. Nou moet Christus die oordeel van God verdra - nou mag ons vry uitgaan. Nou het die toorn van God tot bedaring gekom. *God gee die vryspraak aan almal wat glo* en die vryspraak aanvaar. God gee dit sonder onderskeid, persent, verniet. Waarom? Antwoord: dis volkome barmhartigheid, pure liefde, absolute genade het geseëvier.

Toe Martin Luther hierdie ontdekking in 1512 gemaak het, was dit vir hom asof die poorte na die paradys geopen word en hy alle engelkore hoor sing het. Van toe af het daar uiteindelik vrede en heilssekerheid ingetree. Uiteindelik het God dit hom geopenbaar wat Paulus omtrend 2000 jaar gelede reeds vir die gemeente duidelik neergeskryf het: Hulle het álmal gesondig en word daarom álmal uitgenade alleen gered. Hierdie ontdekking het vir Luther 'n heldemoed gegee dat hy bereid was om die magtige aardse kerk, die pous en die kerklike bestuur aan te durf. Dit is die inhoud wat sedert die Hervorming dié kenmerkende boodskap van die Lutherse Kerk gebly. Of het dit? Is dit inderdaad die hoofboodskap wat Lutherse Christene in die wêreld uitstraal?

Die twee wette vir lugvaart aantrekkingskrag vs opwaartse krag



Hoe was dit dan in die eerste plek moontlik dat die kerk, die een, heilige, apostoliese kerk hierdie so lewensbelangrike boodskap vergeet het? Hoe het dit weer al deur die middeleue té menslik geword, ondraaglik, streng en wetties, dat elkeen op grond van sy eie vermoëns weer probeer het om die oordeel van God vry te spring? Daar kan baie antwoorde gegee word, waarop ons nou nie kan ingaan nie.

Die belangrikste les egter sedert die Hervorming is dié soos Luther dit formuleer: **die kerk van Jesus Christus moet aanhoudend hervorm word.** Hoe geskied dit?

- 1) Dit het reeds gebeur tydens jou doop en herskepping in Jesus Christus – hou daaraan vas!
 - 2) Dit geskied deur daaglikse berou en bekering, gebed en stiltetyd, vernuwung en oefening in die geloof. (individueel)
 - 3) Dit geskied deur dat die kerk getrou aan sy roeping bly deur die Evangelie volgens die Bybel rein en suiwer te leer, deur sending en barmhartigheidsdienste, deur lering en opleiding in hierdie wêreld. (kollektief)
 - 4) Dit geskied deur dat God self oor sy mense, sy kerk en lering waak.
- Al sou kerkmense hulle verantwoordelikheid verwaarloos en vals lering deur die wêreld gaan, sal God sy bewaardende hand hou oor ware gelowiges en vervolgte Christene wat nie terugdeins teenoor die aanslae van die duiwel nie.

Ons sien uit na volgende jaar se 500ste gedenkjaar van die Reformasie. Ons sal geskiedkundige gebeure en datums onder oënskou neem, maar veral na die prosesse kyk hoe die waarheid weer vir ons vandag ontsluit kan word.

Wil jy die waarheid hoor, of net met vleierende woorde gestreel word? Hervorming begin by my en jou. Ek en jy, is geroep om die wêreld weer vir Christus terug te wen, om die oorwinning van Golgotha in elke land en stad uit te dra: God het reeds oorwin - kom wees deel van die oorwinning! Kom smaak en proe hoe heilsaam hervorming is. Kom en laat jouself hervorm en wees deel van die hervormingsproses van die mensdom. Amen.

*1. Ek het barmhartigheid gevind, genade het die Heer bewys
aan my onwaardige, verblinde. O wonder nooit genoeg geprys!
Voortaan is dit my psalm en lied (2x): My is barmhartigheid geskied! (2x)*

En mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle harte, gedagtes en gevoelens bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.

